Omgewingskennis (b)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Vertroud te maak met sy omgewing.
2. ‘n Liefde vir die eie te kweek.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet die volgende van sy stad of dorp weet:

1. Versamel inligting omtrent jou dorp of stad se verlede onder die volgende opskrifte.
   - Wat het aanleiding gegee tot die stigting van jou dorp of stad?
   - Waar kom die dorp se naam vandaan?
   - Wanneer is die dorp gestig?
   - Noem 3 buurdorpe.
   - Besoek ‘n ou inwoner om vir julle staaltjies uit die dorp se verlede te vertel.
   - Neem ‘n foto van die oudste gebou in die dorp.
2. Versamel die volgende inligting oor jou dorp vandag.
   - Wat is die inwonertal?
   - Noem drie aangrensende woongebiede.
   - Wie is tans die burgemeester van die dorp?
   - Wat is die hoofstraat se naam?
   - Bekom ‘n afskrif van die dorp se wapen, embleem of vlag.
3. Besoek minstens 2 van die volgende: monumente, standbeelde, gedenktekens, historiese geboue of historiese plekke in die dorp en omgewing. Neem foto’s daarvan en bekom inligting daaroor en teken dit aan.
4. Bekom ‘n brosjure en ‘n elementêre straatplan van die dorp. Dui op die straatplan die volgende aan
   - Munisipale geboue
   - Hospitale/klinieke
   - Brandweer
   - Eie skool
   - Polisiestasie
   - Sportgronde
5. Gebruik al die inligting, brosjures, foto’s en prente om ‘n interessante boek oor die dorp saam te stel.

C AANBIEDING

1. Onthou om alle inligting wat hier bekom word, aan te teken.
2. Teken ook hierdie inligting aan.
3. By die plekke moet inligting oorgedra word deur ‘n gids of kenner.
4. Die plekke wat aangegee word moet op die straatplan aangebring word. Dit is wenslik dat elkeen sy eie plan het waarop hy kan werk. In ‘n stad sal ‘n kaart van die onmiddellike omgewing voldoende wees.
5. Besoeke aan die plekke sal meer beteken as om dit net te noem. ‘n Kort beskrywing is nodig.
6. Die boeke indien dit besonder mooi is, kan vir ‘n rukkie dalk in die dorpsbiblioteek of skool tydens ‘n oueraand uitgestal word. So uitstalling kan dien as bemarking vir Die Voortrekkers.